# TOP 10 MANIERE

## OM HIERDIE SOMER WATERWYS TE WEES

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Help om ons damme en reservoirs langer voller te hou en die impak van beurtkrag op watervoorsieningsbedrywighede te verminder.**

### LEKKASIES:




**Vind en maak lekkasies reg.** Hoë watergebruik kan beteken jy het 'n duur lekkasie waarvan jy nie bewus is nie. Kyk gereeld op jou meter om lekkasies te identifiseer en laat dit vinnig regmaak. Gaan kyk in die Stad se eenvoudige handleidings vir hulp.

### BINNE:




**Moenie te vinnig wil spoel nie.** Spoel net wanneer nodig en moenie jou toilet as 'n vullisdrommetjie gebruik nie. Nuwe of vervangde toiletbakke mag nie meer as 6 liter vir elke spoel gebruik nie.




**Neem kort, draai-oop-draai-toe-storte** of bad met min water. Die maksimum vloeitempo van nuwe en vervangde stortkoppe mag nie meer as 7 liter per minute wees nie.




Vir wasgoed en skottelgoed: Was meer met minder. Was klere en skottelgoed (potte, koppies, ens.) net wanneer dit regtig nodig is. Wag tot jy 'n volle lading het voor jy die wasmasjien en skottelgoedwasser gebruik. Dit kan minder water vat om met die hand te was of net kolle uit te was.




**Draai die kraan toe wanneer jy nie die water gebruik nie,** bv. gebruik 'n koppie as jy skeer en jou tande borsel.

**BUITE:**

**WATERWYSE TUINMAAK**



**6** **Draai die tuinslang toe**, wanneer jy die motor was. Tuinslange vir die was van voertuie, bote en woonwaens moet met 'n selfsluittoestel toegerus wees. Druk die spuit oop en toe soos jy water nodig het of gebruik 'n emmer om jou voertuig te was.



**7** **Draai oop, draai toe en moenie die spuit vermors nie.** Gebruik 'n beheermeganisme aan die ent van die tuinslang, soos 'n sproeier (sien links) of outomatiese selfsluittoestel (sien foto in 6 hierbo).



**8** **Verhoed waterverlies in die hitte.** Maak net voor 09:00 of na 18:00 nat om waterverlies weens verdamping te verhoed.



**9** **Waterwyse pret in die somer.** Hou die gebruik van water vir kinderspeletjies en afkoel in die somermaande baie noukeurig dop, bv. gebruik 'n nat lap om 'n warm lyf mee af te koel, en moenie mors as jy water spuit nie.



**10** **Swem, bedek, spaar, herhaal.** Ingeboude en opslaanswembaddens moet bedek word wanneer dit nie gebruik word nie om waterverlies van tot 95% weens verdamping te verhoed. Dit bespaar water en geld. Herwin die teruggespoelde water ("backwash"), en vul die swembad op met reënwater of alternatiewe water waar moontlik.

Vir nog nuttige waterbesparingswenke en inligting oor permanente watergebruikregulasies, gaan na **www.capetown.gov.za/savewater** of skandeer hierdie QR-kode met die kamera op jou slimfoon.

**Om watervermorsing asook enige water- en sanitasieprobleme aan te meld:**

**WhatsApp** 060 018 1505 • **Bel** 0860 103 089 • **SMS** 31373 (maksimum 160 karakters))
**E-pos** water@capetown.gov.za • **Gaan na** www.capetown.gov.za/servicerequests

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.